Gebedsversoeke

1. Sagte harte, dat God ons sal verander sodat ons dieselfde liefde, barmhartigheid en vergifnis aan ander mense sal bewys as wat God aan ons bewys.
2. Krag en genade om staande te bly wanneer dinge moeilik raak.
3. Die koor wat vandag sing.
4. Suiwer Woordbediening oraloor.
5. Die plaaslike verkiesing. Mag alles vlot verloop. Mag die regte kandidate ingestem word.
6. Herstel van beskadigde strukture en vrede in Frankryk.

Uit die Kerkraad:

1. Almal wat die KARAOKE ondersteun het en vir dié wat deelgeneem het en dié wat gehelp het.
2. Goeie ondersteuning van die hoenderbraai vir Kenia. Dankie vir die goeie gees onder die werkspan en vir al die bydraes daarvoor.
3. Die Goodie Bag boksies waarmee Rae en Tersia gehelp het.
4. Die mense wat help voorberei aan “kosserasies” vir ons basaar.
5. Riana Dreyer, vir vandag se blomme by die nagmaaldiens.

NG KERK

SUIDPUNT

GOD IS ONS LIG

25 Oktober 2026
09h30 Struisbaai
Nagmaal
Kategese
Barmhartigheid

Vooruitsig op die week

Maandag:
Dinsdag: 11h00 Angs-en Depressiegroep
Woensdag: 17h30 Gebedsgeleenthied
Donderdag:
Vrydag: 07h30 Mannebybelstudie
Jeugfunksie
Saterdag:

HERVORMINGSONDAG

Hoekom herdenk ons vandag nog iets wat meer as 500 jaar gelede gebeur het? Het Martin Luther, Wittenberg en die 95 stellings iets met vandag se kerk en samelewing te doen? Beslis! Jy kan op 'n gewone Sondag in die kerk sit, Bybel in die hand, of Bybel op jou selfoon. Jy kan ook kerk toe kom sonder om te betaal vir jou sondes. Martin Luther se kerkhervorming was rewolusionêr.

Stranddiensspan

Sluit aan by die stranddiensspan se whatsapp ondersteunersgroep. Neem net ‘n foto van die QR kode met jou selfoon.



Verjaardae

Lené	du Toit	10/26
Netta	Smith	10/26
Karlien	Viljoen	10/26
Pieter	de Wit	10/27
Cecilia	Basson	10/29
Karin	Dalhouzie	10/29
Fanie	Nel	10/29
Wimpie	Steenkamp	10/29
Mynhardt	Traut	10/29
Hantie	White	10/29
Rolene	Prins	10/30

31 Oktober

Saterdag, 31 Oktober van 09h00 tot 13h00, is daar weer 'n kattebakverkoping by Struisbaaikerk. R50 per stalletjie ten bate van Diens van Barmhartigheid in ons gemeente.


Kollektes/dankoffers

Daar sal 'n Yoco masjien in albei kerkgeboue wees. Lidmate wat hul bankkollekte en/of maandelikse dankoffer op hierdie manier wil betaal, kan na afloop van die diens hiervan gebruik maak. Daar was navraag oor die beskik-baarstelling van debietorders vir die maandelikse dankoffers. Baie min mense het aangedui dat hulle hiervan gebruik wil maak. Dit gaan ook gepaard met adminkoste.

Ons glo dat die beskikbaarstelling van die Yoco masjiene dit baie geriefliker vir lidmate sal maak.

KAARTBETALINGSMETODE

Na goeie navorsing het ons besluit om die Mobipay metode wat in die kerk gebruik is met Snapscan te vervang. Dit is baie eenvoudiger en verbruikersvriendelik. "Scan" die QR-kode hier-onder, sleutel die bedrag in en doen die betaling.



STRAATWERK

Ek vertrou dit gaan goed aan julle kant en met al julle vele werksaamhede daar in Suidpunt gemeente. Ons harte is so vol dankbaarheid vir julle lojale ondersteuning en die ruimhartige skenking van sop en noodles wat gister by ons afgegee is. Ons het soveel waardering vir almal betrokke. Groete en seënwense, Fourie Truter.

Dit sal die laaste keer die jaar wees wat ons 2 min Noodles en sop stuur. Maak asb julle harte oop sodat ons genoeg kan stuur vir Desember se naguitreike. Baie dankie vir die bydraes. U kan dit by die Kerkkantoor afgee voor of op 5 November

2026.Kontakbesonderhede

Kerkkantoor
Erna Schuite
0284356789 suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
0820558921
andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
0608844756
Facebook: NG Gemeente Suidpunt Struisbaai/Agulhas
Webblad: suidpuntngkerk.co.za
Bankbesonderhede:
NGK Suidpunt
ABSA
Rek nr: 1780147276
Tipe: Tjek
Gee asseblief 'n verwysing,
bv. Dankoffer

NUWE LIDMATE

Ons verwelkom belydende lidmate Willem en Irene Visser van NGK Augrabies.

Baie geluk aan Marthi Harmse wat Saterdag Boland Atletiek by die ASA 10km kampioenskappe verteen-woordig het en 'n sesde plek behaal het. Ons is trots op jou, Marthi!